# PRET MET VERF / FUN WITH PAINT



Hand en voet verf:

- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Gebruik maskeerband om 'n gewone papier op die koerant vas te plak.
- Meng van die poeierverf en laat jou kind sy/haar hand met die kwas verf.
- Wys jou kind hoe om sy/haar handjie op die papier te druk om 'n afdruk te maak.
- Herhaal die proses tot julle 'n reeks handafdrukke op die papier het.
- Wanneer julle klaar is, laat jou kind sy/haar handjies mooi was en afdroog.
- Herhaal die proses met 'n ander kleur.
- Julle kan dieselfde tegniek gebruik om voetafdrukke te maak.

Blaar afdrukke:

- Laat jou kind 'n klomp blare uit die tuin bymekaar maak.
- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Plaas 'n gewone papier op die koerant.
- Gooi 'n bietjie verf in 'n houer.
- Laat jou kind 'n blaar kies en die een kant van die blaar verf.
- Wys jou kind hoe om die blaar versigtig op die papier neer te sit met die geverfde kant onder.
- Druk af sodat druk eweredig oor die hele oppervlak versprei word.
- Verwyder die blaar en herhaal die proses totdat julle tevrede is met die patroon.

Eenvoudige stensils met doilies:

- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Plaas 'n papier doily oor die gewone papier en plak dit vas met maskeerband.
- Laat jou kind die verkwas regop vashou en verf op die papier druk met 'n op-af beweging.
- Verwyder die doily.  Maak net seker dat die verf nie smeer nie.
- Laat die verf goed droogword.

Geskeurde koerant stensil:

- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Laat jou kind 'n koerant in repe skeur.  Maak seker die kante is nie te reguit nie.
- Wys jou kind hoe om die repe papier op die gewone papier te pak en aan die koerantpapier vas te plak sodat



Hand and foot painting:

- Cover a large area of the floor with newspaper.
- Use masking tape to attach plain paper to the newspaper.
- Mix some paint in a container and let your child paint his/her hand with the paintbrush.
- Let your child press his/her hand to the paper.
- Continue this process until you have a series of handprints on the paper.
- When finished, let your child washes his/hands in a bowl of water and dries thoroughly.
- Repeat the process using different colour paint.
- You can use the same technique to make prints with your feet.

Leave printing:

- Collect some leaves from the garden.
- Cover your work surface with newspaper and place a pain paper on top.
- Pour some paint in a container.
- Let your child select a leave and paint one side.
- Let your child carefully place the painted side of the leave onto the paper and press down firmly ensuring pressure is applied to the whole surface.
- Remove the leave and repeat the process until the desired pattern has been achieved.

Simple stencilling using doilies:

- Cover the work surface with newspaper.
- Place a paper doily over the plain paper and tape it down with masking tape.
- Let your child hold the paintbrush vertically and stamp the paint onto the paper with an up and down movement.
- Remove the doily, taking care not to smudge the paint.
- Allow to dry.

Ripped newspaper stencil:

- Cover the work surface with newspaper.
- Let your child tear a newspaper into lengthwise strips. Ensure the edges are not too straight by letting your child wiggle as s/he rips the paper.
- Let your child place the newspaper pieces across the

# PRET MET VERF / FUN WITH PAINT

dit nie skuif nie.

- Gooi 'n bietjie verf in 'n houer.
- Laat jou kind die kwas in die verf druk en oortollige verf op 'n stukkie van die koerant afvee.
- Wys jou kind hoe om die verf op die papier tussen die koerantpapierstroke te druk sodat die papier wat uitsteek bedek word.
- Verwyder die stroke koerantpapier om die patroon te sien.

printing paper, leaving gaps between the pieces.

- Hold the pieces in place by taping the ends to the newspaper surround.
- Pour some paint into a saucer.
- Let your child dip the brush into the paint, removing any excess on some of the newspaper.
- Let your child dab colour onto the paper between the rows of torn newspaper ensuring all the paper is covered.
- Remove the newspaper strips to reveal the pattern.

Aartappel druk:

- Was 'n aartappel en sny dit in die helfde.
- Teken 'n eenvoudige vorm op die plat kant en gebruik 'n skerp messie om die aartappel om die vorm weg te sny.
- Gooi 'n bietjie verf in 'n piering.
- Wys jou kind hoe om die vorm met verf te bedek (gebruik 'n verfkwas) en dan die vorm op die papier te druk om 'n patroon te maak.

Potato printing:

- Wash a potato and cut in half.
- Draw a simple shape on the flat half of the potato with a felt pen.
- Using a craft or sharp kitchen knife, cut away the potato surrounding the shape.
- Pour some paint into a saucer.
- Let your child coat the shape with paint using a brush.
- Show your child how to press down onto the paper with the potato.

Tower prentjie:

- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Plaas 'n gewone papier op die koerant en laat jou kind 'n prentjie/patroon/skribbel teken met 'n wit vetkryt of was kers.
- Meng 'n bietjie van die verf en laat jou kind oor die hele papier verf. Die prentjie sal mooi uitstaan.

Wax resist painting:

- Cover your work surface with newspaper.
- Place plain paper on the newspaper and have your child draw a pattern/scribble/picture on it with white wax crayons or a white wax candle.
- Mix some paint and have your child cover the whole paper with the paint.
- Allow to dry.

Tou-verf:

- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Meng verskillende kleure verf en gooi dit in vlak houers.
- Knoop 'n lengte tou/wol aan 'n wasgoedpennetjie vas (een vir elke kleur verf).
- Wys jou kind hoe om die tou in die verf te doop.
- Maak patroontjies met die tou op die papier deur dit daaroor die trek.

String and fibre painting:

- Cover your work surface with newspaper.
- Mix different coloured paint and pour it into shallow containers.
- Tie a piece of string to a clothes peg (one for each colour paint).
- Show your child how to dip the string into the paint.
- Different effects are achieved by dragging, flicking and pulling it across the paper.

Spons-verf:

- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Meng verskillende kleure verf en gooi dit in houers.
- Laat jou kind 'n sponsie daarin druk en dan met die sponsie patroontjies en prentjies op die papier te druk en te teken.

Sponge painting:

- Cover your work surface with newspaper.
- Mix different coloured paint and pour it into containers.
- Let your child dip a sponge into the paint and use it to dab or brush, making pictures and patterns.

Blob-prentjies:

- Help jou kind om sy/haar papier in die helfde te vou.
- Wys hom/haar hoe om verf aan die een kant van die papier te drup.
- Vou die papier in die helfde en druk af.
- Wanneer julle die papier oopvou sal dit 'n patroontjie maak.

Colourful blob paintings:

- Help your child fold his/her paper in two.
- Show them how to put blobs of paint on one side of the paper.
- Fold the paper over and press down hard.
- Open it up and let it dry.

Kleure meng:

- Help jou kind om deurskynende glas/plastiek houers half vol te maak met water.
- Laat jou kind nou rooi, geel en blou verf by drie van die houers voeg.

Colour mixing:

- Help your child fill clear glass/plastic containers half full of water.
- Help your child to add red, yellow and blue paint to three of the containers.

**Lize Kubannek (083 415 9138)**

# PRET MET VERF / FUN WITH PAINT

- Laat s/hy oogdruppers gebruik om van die verf in die houers met water te drup om nuwe kleure te maak.
- Jou kind kan ook druppels verf op papier drup en die druppels laat meng om sekondêre kleure te vorm.

Borrel-prentjies:
- Maak 'n houer vol water. Voeg bietjie verf en seep daarby.
- Laat jou kind met 'n strooitjie borrels blaas tot die houer amper oorloop.
- Wys jou kind hoe om 'n papier teen die borrels te druk om borrelafdrukke op die papier te maak.

Blaas-verf:
- Bedek jou werksoppervlak met 'n koerant/swart sak.
- Meng 'n bietjie verf en plaas dit in 'n houer.
- Wys jou kind hoe om 'n bietjie verf in 'n strooitjie vas te vang deur die strooitjie in die houer te druk en met jou vinger die punt toe te hou.
- Laat jou kind liggies deur die strooitjie blaas om die verf oor die papier te laat loop.
- Gebruik verskillende kleure.

Sand prentjies:
- Plaas 'n bietjie fyn sand in houers en voeg 'n bietjie van die poeierverf daarby om die sand te kleur.
- Laat jou kind met 'n gomstafie 'n prentjie "teken".
- Sprinkel nou die sand oor die gomprentjie.

Sproei-verf:
- Sprei die papier op die gras uit.
- Wys jou kind hoe om sy/haar vinger te gebruik om die verf op die papier te spat.

Spuit-verf:
- Maak die poeierverf aan en gooi dit in spuithouers.
- Hang ongedrukte koerantpapier op die wasgoedlyn met pennetjies.
- Wys jou kind hoe om met die spuitbottels patrone op die papier te spuit sodat die kleure meng om 'n reënboog te vorm.

Vingerafdrukke:
- Wys jou kind hoe om vingerafdrukke op papier te maak deur sy/haar vinger in die verf te druk en dan versigtig op die papier te druk.
- Laat jou kind detail by sy/haar vingerafrukke teken om voëltjies, monsters, mense of goggas te maak.

Lyfies:
- Laat jou kind op 'n groot vel papier lê sodat jy die buitelyne van sy/haar lyfie kan teken.
- Laat jou kind die uitlyn van sy/haar lyfie uitknip en dan verf.

- Let him/her use plastic eye droppers to add drops of colour to the jars with plain water to make lots of new colours.
- S/he can also drop drops of paint on a piece of paper, letting the drops mix to make secondary colours.

Bubble pictures:
- Fill a plastic container with water, adding some powder paint and a little detergent.
- Place a drinking straw into the container and let your child blow into the straw until the container is almost overflowing with bubbles.
- Show your child how to press the paper on top of the container.
- When you take it off there will be beautiful bubble prints on it.

Blow paintings:
- Cover your work surface with newspaper.
- Mix some paint and place it into a container.
- Show your child how to trap some paint in a straw by putting it in the mixture, placing a finger over the top of the straw and then moving the straw to the paper.
- Let your child blow gently on the straw. The paint will spread over the paper in spider-like formations.
- As they use different colours, new colours will form.

Sand paintings:
- Put some fine sand into containers and add some paint to make different coloured sand.
- Let your child use a glue stick to "draw" a picture on paper.
- Let your child sprinkle the sand over his/her glue picture.

Splatter paintings:
- Spread out the paper on the grass outside.
- Show your child how to dip his/her brush in the paint and flick the brush with his/her fingers so that the paint flies onto the paper.

Spray paintings:
- Mix powder paint with water in spray bottles.
- Peg up some unprinted newspaper outside.
- Show your child how to spray the paint with short, fine bursts and encourage him/her to use lots of different colours to see how the paint mix and new colours are made.

Fingerprint critters:
- Show your child how to make fingerprints by pressing his/her index finger into the paint and then carefully placing it on the paper.
- Let your child add detail to his/her fingerprints, e.g. birds, flowers, people, bugs, monsters or anything else s/he can think of.

Body cut-outs:
- Let your child lie on a large sheet of paper to have his/her body drawn by you.
- Let your child cut out the outline of his/her body.
- Let your child paint his/her body.

**Lize Kubannek (083 415 9138)**

# PRET MET VERF / FUN WITH PAINT